

DRAMATIESE KUNSTE

Tyd: 3 uur

150 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Die vraestel is in twee afdelings verdeel. Jy moet **ALBEI** afdelings beantwoord:

AFDELING A: DRAMAS EN OPVOERING IN KONTEKS
Vraag 1: *Waiting for Godot* – Samuel Beckett
Vraag 2: Athol Fugard

AFDELING B: DRAMATIESE ONTLEDING
Vraag 3: Opstel

3. Nommer jou antwoorde PRESIES soos die vrae in die vraestel genommer is.
 4. Die puntetoekenning per vraag is 'n riglyn vir die hoeveelheid detail en nougesetheid wat in die antwoord verlang word.
 5. Onafhanklike, kreatiewe denke en die toepassing van kennis sal tot jou voordeel wees.
 6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en netjies te werk.
-

AFDELING A DRAMAS EN OPVOERING IN KONTEKS**VRAAG 1 WAITING FOR GODOT – SAMUEL BECKETT****1.1 EKSISTENSIALISME EN KARAKTER**

Eksistensialisme is die kern van *Waiting for Godot*.

Ons volledige begrip van die drama steun op ons algemene begrip van eksistensialisme en hoe dit spesifiek op *Waiting for Godot* van toepassing is.

1.1.1 Verduidelik jou begrip van eksistensialisme kortliks. (4)


1.1.2 Identifiseer TWEE spesifieke aspekte van eksistensialisme wat jy glo direk op *Waiting for Godot* van toepassing is in terme van die karakters en hul verhoudings en verduidelik hoe hulle van toepassing is.

Ondersteun jou verduideliking met toepaslike voorbeelde. (8)

1.2 TEMA

Die tema van wag is sentraal in *Waiting for Godot*.

Beskou die aanhaling hieronder en gebruik dit om jou bespreking te rig:



[Bron: <<http://lovequotesplus.com/wp-content/uploads/2012/12/love-quotes-014.png>>]

Bespreek in 'n kort opstel van ongeveer een bladsy in lengte jou begrip van hoe en waarom wag as sentrale tema in *Waiting for Godot* ondersoek word. (15)

1.3 INTERPRETASIE

Verbeel jou jy regisseur die volgende uittreksel uit *Waiting for Godot*:

- 1 *Estragon draws Vladimir towards the tree. They stand motionless before it. Silence.*
2 **ESTRAGON:** Why don't we hang ourselves?
3 **VLADIMIR:** With what?
4 **ESTRAGON:** You haven't got a bit of rope?
5 **VLADIMIR:** No.
6 **ESTRAGON:** Then we can't.
7 *Silence.*
8 **VLADIMIR:** Let's go.
9 **ESTRAGON:** Wait, there's my belt.
10 **VLADIMIR:** It's too short.
11 **ESTRAGON:** You could hang onto my legs.
12 **VLADIMIR:** And who'd hang onto mine?
13 **ESTRAGON:** True.
14 **VLADIMIR:** Show me all the same. (*Estragon loosens the cord that holds up his trousers*
15 *which, much too big for him, fall about his ankles. They look at the cord.*) It might do in a
16 pinch. But is it strong enough?
17 **ESTRAGON:** We'll soon see. Here. (*They each take an end of the cord and pull. It*
18 *breaks. They almost fall.*)
19 **VLADIMIR:** Not worth a curse.
20 *Silence.*
21 **ESTRAGON:** You say we have to come back tomorrow?
22 **VLADIMIR:** Yes.
23 **ESTRAGON:** Then we can bring a good bit of rope.
24 **VLADIMIR:** Yes.
25 *Silence.*
26 **ESTRAGON:** Didi?
27 **VLADIMIR:** Yes.
28 **ESTRAGON:** I can't go on like this.
29 **VLADIMIR:** That's what you think.
30 **ESTRAGON:** If we parted? That might be better for us.
31 **VLADIMIR:** We'll hang ourselves tomorrow. (*Pause.*) Unless Godot comes.
32 **ESTRAGON:** And if he comes?
33 **VLADIMIR:** We'll be saved.
34 *Vladimir takes off his hat (Lucky's), peers inside it, feels about inside it, shakes it, knocks*
35 *on the crown, puts it on again.*
36 **ESTRAGON:** Well? Shall we go?
37 **VLADIMIR:** Pull on your trousers.
38 **ESTRAGON:** What?
39 **VLADIMIR:** Pull on your trousers.
40 **ESTRAGON:** You want me to pull off my trousers?
41 **VLADIMIR:** Pull ON your trousers.
42 **ESTRAGON:** (*realizing his trousers are down*). True. *He pulls up his trousers.*
43 **VLADIMIR:** Well? Shall we go?
44 **ESTRAGON:** Yes, let's go.
45 *They do not move.*

46

Curtain.

- 1.3.1 Verduidelik kortliks wat jy vir die twee akteurs wat hierdie uittreksel opvoer, sal sê om hulle te voorsien van 'n duidelike begrip van die konteks en van elke karakter.

Gebruik die uittreksel om jou sienings te regverdig. (4)

- 1.3.2 Wanneer jy oor die drama navorsing doen, lees jy dat 'n suksesvolle opvoering van hierdie uittreksel van die akteurs verlang om die **patos** van hierdie oomblik vir die gehoor te weerspieël.

'patos' kan gedefinieer word as:

(selfstandige naamwoord) die eienskap of krag om gevoelens van jammerte, of van simpatie en innige hartseer of meelewing op te wek.

[Vertaal uit bron (aangepas): <<http://dictionary.reference.com/browse/pathos>>]

- (a) Verduidelik so goed as moontlik waarom hierdie uittreksel patos weerspieël. (4)
- (b) Die akteur wat Vladimir speel, sukkel om te verstaan hoe hy/sy hierdie gevoel van patos suksesvol kan skep.

Verduidelik watter advies jy sal aanbied om hom/haar te help om hierdie gevoel van patos deur toneelspel, met beide stem en liggaam, oor te dra.

Motiveer volledig deur na die uittreksel te verwys. (6)

- 1.3.3 Verduidelik wat jy die akteurs sal aanraai om tydens die oomblikke van stilte in die uittreksel te doen en waarom. (4)

- 1.3.4 Jy het besluit dat die uittreksel as 'n terreinspesifieke stuk opgevoer sal word, wat beteken dat jy 'n plek sal kies wat volgens jou toepaslik sal wees vir 'n suksesvolle opvoering van die uittreksel.

Beskou beelde A – D op die volgende bladsy, almal moontlike plekke vir jou terreinspesifieke opvoering.

Bespreek watter plek jy sal gebruik en waarom. Jou bespreking moet begrip van die volgende toon:

- die funksie van die boom as 'n kritieke stel-element in *Waiting for Godot*
 - hoe jou plek die milieu van die drama die beste dien
- en
- hoe jou gekose plek die uittreksel se subteks die beste dien. (10)

PLEK A



[Bron: <<http://www.dailymail.co.uk/news/article-2529433/More-Christmas-misery-ANOTHER-storm-set-batter-Britain-tonight-thousands-remain-without-power.html>>]

PLEK C



[Bron: <<http://www.bkmag.com/2014/05/28/have-all-the-fig-trees-in-brooklyn-died/>>]

PLEK B



[Bron: <<https://pagamecommission.wordpress.com/2015/01/>>]

PLEK D



[Bron: <http://en.wikipedia.org/wiki/Isaac_Newton>]

[55]

VRAAG 2 ATHOL FUGARD

In hierdie vraag moet jy na EEN van die volgende dramas verwys:

- *People are Living There*
- *Hello and Goodbye*
- *The Road to Mecca*
- *Victory*

2.1 TEMA

Beskou die volgende aanhalings, almal afkomstig uit stellings wat deur Athol Fugard gemaak is:

AANHALING 1

Die daad van getuie wees is vir my belangrik; iemand moet die waarheid vertel, as jy verstaan wat ek bedoel ... Ek het nog altyd vir myself 'n verpligting beleef om getuienis te lewer oor my tyd.

AANHALING 2

... 'n daad van vergifnis en 'n ware belydenis is geheimenisse van die menslike hart, en hulle kom voor tussen een individu en 'n ander individu ...

AANHALING 3

... alle lewe, oorlewing, is op pyn gegrond.

[Vertaal uit bron:

<http://www.brainyquote.com/quotes/authors/a/athol_fugard.html#6ejSxYCV3CWrhqV1.99>]

- 2.1.1 Skryf die nommer van die aanhaling neer wat jy meen die beste van toepassing is op die Fugard-drama wat jy bestudeer het.

Verduidelik in jou eie woorde wat Fugard in jou gekose aanhaling sê en/of voorstel.

(3)

- 2.1.2 Identifiseer TWEE temas in die Fugard-drama wat jy bestudeer het wat weerspieël wat Fugard in jou gekose aanhaling sê en/of voorstel.

(2)

- 2.1.3 Verduidelik hoe die temas wat in Vraag 2.1.2 geïdentifiseer is, ondersoek word in die Fugard-drama wat jy bestudeer het en verskaf duidelike voorbeelde om jou verduideliking te ondersteun.

(8)

2.2 KARAKTER

Beskou die volgende:

"Fugard laat geen ruimte vir hoop nie."
– Zakes Mda –

[Vertaal uit bron: <<http://www.westerlymag.com.au/wpcontent/uploads/issues/pdf/Westerly+Vol.+37+no.+3.pdf>>]

Dink jy die stelling hierbo is waar van die karakters van die Fugard-drama wat jy bestudeer het?

Verduidelik en regverdig jou mening volledig. (10)

2.3 REALISME EN DIE DRIE EENHEDE

Die drie eenhede (tyd, plek en handeling) is 'n noodsaaklike aspek van Realisme en word in al vier die voorgeskrewe Fugard-dramas deur Fugard gebruik.

Bespreek in 'n kort opstel van ongeveer een bladsy in lengte die manier waarop die drie eenhede geskep word in die Fugard-drama wat jy bestudeer het en hul effektiwiteit om 'n 'lewensgreep' op die verhoog te bewerkstellig.

Ondersteun jou bespreking met toepaslike voorbeelde. (15)

2.4 VERTOLKING VAN FUGARD SE KARAKTERS

Die Suid-Afrikaanse akteur Lionel Newton het die volgende te sê oor die verantwoordelikheid van die akteur wanneer Fugard se karakters op die verhoog vertolk word:

"Daar is nêrens om weg te kruip wanneer jy hierdie goed speel nie. Dit is soos om uit 'n buisie tandepasta te kom; om dit om die regte rede met die regte bedoeling te doen. (Dit vra) absolute toewyding ..." OF ... kom; om dit om die regte rede met die regte bedoeling te doen.

2.4.1 Verduidelik wat jy dink Lionel Newton bedoel wanneer hy sê die akteur het 'nêrens om weg te kruip' wanneer 'n karakter uit 'n Fugard-drama gespeel word nie. (3)

2.4.2 Met die realistiese styl van die Fugard-drama wat jy studeer het in gedagte, verduidelik DRIE tegnieke wat akteurs sal moet gebruik om te verseker dat hulle die karakters wat deur Fugard geskep is met 'absolute toewyding' opvoer.

Gebruik voorbeelde uit die Fugard-drama wat jy bestudeer het om jou verduideliking te ondersteun. (9)

2.4.3 **Verbeel jou jy het 'n rol in 'n produksie van die Fugard-drama wat jy bestudeer het.**

Kies 'n karakter wat jy graag sal wil speel uit die Fugard-drama wat jy bestudeer het en noem sy/haar naam.

Verduidelik hoe jy die repeteringsproses sal gebruik om te verseker dat jy die rol van jou gekose karakter so geloofwaardig moontlik vertolk. Gebruik spesifieke voorbeelde om jou verduideliking te ondersteun. (5)

[55]

110 punte

AFDELING B DRAMATIESE ONTLEDING**VRAAG 3 OPSTEL**

Hierdie afdeling ondersoek TWEE van die volgende voorgeskrewe tekste:

- *Waiting for Godot* – Samuel Beckett

EN

EEN van die Athol Fugard-tekste hieronder:

- *People are Living There*; OF
- *Hello and Goodbye*; OF
- *The Road to Mecca*; OF
- *Victory*

**"Grootse teater gaan daaroor om ons manier van dink uit te daag en ons aan te moedig om te fantaseer oor 'n wêreld waarin ons hoop om te leef."
– Willem Dafoe –**

[Vertaal uit bron (aangepas): <<http://www.brainyquote.com/quotes/keywords/theatre.html>>]

Bespreek in 'n opstel van 2 – 3 bladsye (ongeveer 600 woorde) of die dramaturge van die twee dramas wat jy bestudeer het die manier uitdaag waarop ons oor die wêreld dink en ons aanmoedig om die moontlikheid van 'n beter wêreld te sien of nie.

Gebruik die volgende terreine om jou bespreking te rig:

- Sosiopolitieke konteks
- Dramaturge se bedoelings
- Die style van Absurdisme en Realisme

**Struktuur van opstel (10)
Inhoud van opstel (30)**

40 punte

Totaal: 150 punte